‘n Man na God se Hart

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B340 Eng/Afr.

Skriflesing uit: 1 Sam.16:1-13

Kernvers: 7 – ‘Maar die Here sê vir Samuel: kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan.’

Hoe lyk ‘n man na God se hart – hoe lyk ‘n vrou? Wat is God se vereistes – hoe kies God ‘n mens? Ons lewe in tye van geweldige betekenis en geweldige uitdagings. Ons weet dat onse Here Jesus spoedig gaan kom.

Ons lewe in ‘n eeu van massa-produksie, alles word so blink en mooi gemaak om die mens se aandag te trek en in hul behoeftes te voorsien. Soveel so dat die kwaliteit begin afneem het.

So ook is daar massaproduksie in die geestelike dinge. Solank as daar net getalle is en dat kerke kan sê daar is soveel mense wat tot bekering gekom het, of soveel is bereik deur evangelisasie! Maar die groot vraag wat gevra moet word is: hoeveel kwaliteit is daar in ons lewens; hoeveel van die krag en die Gees van God is daar in ons lewens.

As ons so kyk na die broers van Dawid – imposante jongmanne en selfs Samuel was beïndruk deur hul voorkoms; maar God het vir hom gesê: Nee Samuel, jy kyk na die uiterlike, maar Ek sien die hart aan. Hulle was almal pragtige manne maar nie een van hulle is gekies nie.

So is ons ook geneig om te kyk na mense, maar is daar kwaliteit in hulle? Hoe lyk ons harte geliefdes, stel ons God tevrede? Is ek ‘n man of ‘n vrou na God se hart? Mag die Here Sy salwing op ons uitgiet en dat daar weer manne en vroue sal opstaan wat God se Woord sal preek onder die salwing van die Heilige Gees en wat manne en vroue na God se hart sal voortbring.

Mag die Here vir ons kwaliteit predikers gee. Die Here sê: My volk gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis – ons het weer manne nodig wat kan preek sodat mense sal sidder vir die Woord van God. Manne en vroue na God se hart….

Daar is verskillende roepings, en God het mense nodig op elke vlak van die lewe soos bv. ‘n moeder wat haar kinders se lewens vorm sodat hulle ‘n hart na Gosd sal hê. Vaders, wat die priester van hul huise is. Maar elkeen wat God se stem hoor is ‘n geroepene van die Here!